higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)

TOEGEPASTE REKENINGKUNDE
NKR-VLAK 2

(3011002)

28 November 2018 (X-Vraestel)
09:00–12:00

Nieprogrammeerbare sakrekenaars kan gebruik word.

Hierdie vraestel bestaan uit 19 bladsye en 'n antwoordboek van 17 bladsye.

Kopiereg voorbehou

TYD: 3 UUR
PUNTE: 200

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord AL die vrae in die ANTWOORDBOEK wat voorsien word.
2. Toon AL jou berekenings.
3. GEEN bladsye mag uit die ANTWOORDBOEK verwyder word nie.
4. Gebruik die tabel hier onder as riglyn vir hoeveel tyd jy aan die beantwoording van elke vraag moet spandeer.
5. Skryf netjies en leesbaar.

VRAE	ONDERWERPE	PUNTE	AANBEVOLE TYDSRIGLYN
AFDELING A			
1	Meervoudigekeusevrae	20	15 minute
2	Kort teoretiese vrae	30	20 minute
3	Berekenings	30	20 minute
AFDELING B			
4	Joernale	40	50 minute
5	Oorboeking na algemene grootboek	30	30 minute
6	Finale rekeninge en balansstaat	30	30 minute
7	Invloed op die rekeningkundige vergelyking	20	15 minute
	TOTAAL	**200**	**3 uur**

Kopiereg voorbehou

AFDELING A

VRAAG 1

1.1 Verskeie opsies word as moontlike antwoorde op die volgende vrae gegee. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (1.1.1–1.1.20) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.1.1 Die ... wat 'n onderneming genereer, verhoog die eienaarsbelang (ekwiteit).

A uitgawes
B verlies
C inkomste
D laste

1.1.2 'n Voorbeeld van 'n ondersteunende (stawende) dokument in 'n onderneming is 'n …

A tjekteenblad.
B bankstaat.
C duplikaatkwitansie.
D duplikaatverkoopsfaktuur.

1.1.3 Wanneer 'n sakeonderneming sy verskaffer betaal vir voorraad wat op krediet gekoop is, sal die krediteurekontrolerekening gekrediteer word en die ...-rekening sal gedebiteer word.

A handelsvoorraad
B koste van verkope
C verkope
D bank

1.1.4 Nettowins word soos volg bereken:

A Bruto inkomste minus bedryfsuitgawes.
B Verkope minus bedryfsuitgawes.
C Bruto wins minus bedryfsuitgawes.
D Verkope plus bedryfsuitgawes.

1.1.5 'n ... is 'n voorbeeld van 'n bedryfslas

A Debietbanksaldo
B Rekenaar
C Verbandlening
D Kredietbanksaldo

1.1.6 'n ... is 'n voorbeeld van 'n bedryfsbate.

A Onttrekking
B Lening
C Los kontant
D Voertuig

Kopiereg voorbehou

1.1.7 … is 'n *uitgawe*-rekening wat die eienaarsbelang verlaag.

A Rente op bedryfsrekening
B Salarisse
C Handelsvoorraad
D Onttrekkings

1.1.8 Die algemene grootboek is in twee dele verdeel, naamlik die ... afdelings.

A balansstaat- en nominale-rekeninge-
B eienaarsbelang- en bate-
C inkomste- en uitgawe-
D eienaarsbelang- en laste-

1.1.9 Brondokumente wat gebruik word om transaksies in die kasboek op te teken, sluit in …

A tjeks.
B kredietfakture.
C oorspronklike debietnotas.
D duplikaatkwitansies.

1.1.10 'n Krediteur kan beskryf word as 'n ...

A onderneming/individu wat goedere op krediet by jou onderneming gekoop het.
B onderneming/individu wat goedere vir kontant verkoop.
C onderneming/individu by wie jou onderneming goedere op krediet gekoop het.
D onderneming/individu wat goedere vir kontant koop.

1.1.11 'n… is 'n hulpjoernaal wat elke kredietklant se rekeninginligting in besonderhede uiteensit.

A Debiteuregrootboek
B Algemene grootboek
C Debiteurelys
D Krediteuregrootboek

1.1.12 'n Onderneming sal op 'n maandelikse basis aan hul klante 'n ... stuur om 'n opsomming van hul aankope en betalings asook die uitstaande bedrag verskuldig aan te toon.

A lys
B staat
C joernaalbewys
D faktuur

Kopiereg voorbehou

1.1.13 Watter van die volgende transaksies sal NIE aan die debietkant van die krediteuregrootboek opgeteken word nie?

A Betaling wat aan die krediteur gemaak is
B Aankoop van voorraad op krediet
C Terugsending aan krediteur van voorraad wat op krediet gekoop is
D Afslag ontvang wanneer betaling aan die krediteur gemaak is

1.1.14 'n Onderneming se bruto wins word bereken deur …

A uitgawes van die netto wins af te trek.
B uitgawes by bruto inkomste te tel.
C koste van verkope van verkope af te trek.
D verkope by koste van verkope te tel.

1.1.15 Die totaal in die krediteurekontrolerekening in die algemene grootboek moet ooreenstem met die totaal op die …

A algemene grootboek.
B debiteuregrootboek.
C kredietburo.
D krediteurelys.

1.1.16 Die ... rekening in die algemene grootboek sal 'n kredietsaldo hê.

A huuruitgawe
B huurinkomste
C reklame
D water en elektrisiteit

1.1.17 'n Kasboek sluit die volgende transaksie in:

A Kontantontvangste- en kontantbetalingstransaksies
B Slegs kontantontvangstetransaksies
C Slegs kontantbetalingstransaksies
D Alle transaksies wat nie in enige ander joernaal hoort nie

1.1.18 Wanneer 'n klant goedere wat op krediet gekoop is, terugbring, word 'n ... uitgereik.

A debietnota
B kredietnota
C verkoopsfaktuur
D belastingfaktuur

Kopiereg voorbehou

1.1.19 Bereken die wins op 83 selfone wat vir R4 850 elk gekoop en op krediet vir R6 305 elk verkoop is.

A R523 315
B R402 550
C R120 765
D R220 560

1.1.20 'n Onderneming is veronderstel om alle brondokumente vir 'n tydperk van ... te bewaar.

A een jaar
B vyf jaar
C drie jaar
D 24 maande

(20 × 1) **[20]**

VRAAG 2

2.1 Kies 'n item/'n woord uit KOLOM B om by 'n item/'n woord/'n beskrywing in KOLOM A te pas. Skryf slegs die letter (A–F) langs die vraagnommer (2.1.1–2.1.5) in die ANTWOORDBOEK neer.

KOLOM A		KOLOM B	
2.1.1	Openbare maatskappy	A	dit is 'n ondernemingsvorm wat uit 10 lede of minder bestaan
2.1.2	Klub	B	die eienaar ontvang al die wins
2.1.3	Vennootskappe	C	winsdeling word deur dividende bepaal
2.1.4	Beslote korporasie	D	dit ontvang inkomste uit registrasie- en lidmaatskapsgelde
2.1.5	Alleeneienaar	E	die naam van die onderneming eindig op eiendoms beperk
		F	die wins word ingevolge 'n mondelinge of skriftelike ooreenkoms verdeel

(5 × 1) (5)

2.2 Gee EEN woord/term vir elk van die volgende beskrywings. Skryf slegs die woord of 'n term langs die vraagnommer (2.2.1–2.2.5) in die ANTWOORDBOEK neer.

2.2.1 'n Voorbeeld van 'n dakherstelonderneming staan bekend as 'n (handels/diens)-onderneming.

2.2.2 Die verskil tussen 'n onderneming se bates en laste staan bekend as die (eienaarsbelang/skuld).

2.2.3 Die (algemene/debiteure-) joernaal word gebruik om rente op 'n klant se oortrokke rekening op te teken.

2.2.4 Die koste van verkope word bepaal deur beginvoorraad by aankope te tel, en dan (bruto wins/sluitingsvoorraad) af te trek.

2.2.5 'n Onderneming wat koekies seep produseer en dit aan kleinhandelaars verkoop, staan bekend as 'n (groothandelaar/vervaardiger).

(5 × 1) (5)

2.3 Verduidelik die volgende terme en gee 'n voorbeeld van elk:

2.3.1 *Interne* brondokument

2.3.2 *Eksterne* brondokument

(2 × 2) (4)

2.4 Beskryf die volgende tipes bates en laste en gee 'n voorbeeld van elk:

2.4.1 Niebedryfsbate

2.4.2 Niebedryfslas

2.4.3 Finansiële bate

(3 × 2) (6)

2.5 Herrangskik die stadiums in die proses van die rekeningkundige siklus wat hier onder gegee word. Skryf slegs die letter (A–E) in die korrekte volgorde in die ANTWOORDBOEK neer.

A. Finale rekeninge en finansiële state
B. Proefbalans opgestel
C. Brondokumente voltooi
D. Joernale na die algemene grootboek oorgeboek
E. Transaksies in hulpjoernale ingeskryf (5 × 1) (5)

2.6 Gee EEN rede waarom dit belangrik is dat 'n onderneming brondokumente nommer. (2)

2.7 Omskryf die term *rekeningkunde.* (2)

2.8 Watter staat word opgestel om te verseker dat die dubbelinskrywingsbeginsel korrek toegepas word? (1)

[30]

VRAAG 3

3.1 Bereken die volgende en toon AL jou antwoorde tot TWEE desimale plekke in die ANTWOORDBOEK aan.

3.1.1 Die verkoopprys van 'n item as die kosprys R2 450 is en die prystoeslag 25% op kosprys.

3.1.2 Die wins van 'n item as die kosprys R4 280 is en die verkoopprys R6 120.

3.1.3 Die kosprys van 'n artikel indien die verkoopprys R2 320 is en die wins-prystoeslag 40% op kosprys is.

(3 × 3) (9)

3.2 Gebruik die inligting in die tabel om die ontbrekende bedrae in te vul. Toon AL jou berekenings.

EIENAARSBELANG	BATES	LASTE
3.2.1	R143 750	R52 450
R40 000	**3.2.2**	R25 000
R7 000	R10 100	**3.2.3**

(3 × 2) (6)

3.3 'n Debiteur, B. Gwede, se tjek van R3 720 is deur die bank onteer en aan die onderneming teruggestuur. Vereffening van sy rekening was R 3 980.

3.3.1 Bereken die toegestane korting (afslag) wat gekanselleer moet word. (2)

3.3.2 Watter joernaal gaan gebruik word om die toegestane korting te kanselleer? (1)

3.4 'n Onderneming moet 11% rente per jaar betaal op 'n lening van R35 000.

Bereken die rentebedrag wat vir die eerste jaar verskuldig is. (3)

Kopiereg voorbehou

3.5 'n Maandstaat is deur Surf and Sea BK aan 'n debiteur, A. Atlantis, uitgereik, gedateer 30 Junie 2017:

SURF and SEA BK
(Reg. 0-01002003/1)

Posbus 123
Beachy Bay
5200

Tel : (001) 9876541
Faks: (001) 9876542
Webwerf: www.surf.org.za

Aan: A. Atlantis **Datum: 30 Junie 2017**
Adres: 2 Seabedweg 2, Coral Bay, 5200 Staatno. J231

Datum	Besonderhede	Bedrag (R)
01 Junie	Saldo a/b	9 230
12 Junie	Faktuuno. 33	830
19 Junie	Kredietnota no. C2	130
26 Junie	Rente gehef @ 9% p.j. op 'n agterstallige bedrag van R6 230 vir 3 maande	**3.5.1**
29 Junie	Faktuuno. 34	150
30 Junie	Betaling ontvang (60–90 dae)	**3.5.2**
	Saldo	3 990

60–90 dae	30–60 dae	0–30 dae	Saldo
R 0	R3 000	**3.5.3**	R3 990

3.5.1 Bereken die rente wat op 26 Junie 2017 op die agterstallige rekening gehef is. Rond af tot die naaste rand. (4)

3.5.2 Bereken die betaling ontvang op 30 Junie 2017. (2)

3.5.3 Bereken die ontbrekende bedrag onder 60–90 dae (3)
[30]

TOTAAL AFDELING A: 80

Kopiereg voorbehou

AFDELING B

VRAAG 4

Ocean Breeze is 'n onderneming wat in strandhanddoeke en strandbykomstighede handel dryf. Die eienaar, C. Shore, gebruik die deurlopende-voorraadstelsel en 'n prystoeslag van 50% op die kosprys.

Gebruik die brondokumente en inligting uit die transaksies wat hier onder gegee word om die inskrywings in die hulpjoernale vir April 2017 te maak.

Rond die bedrae af tot die NAASTE rand. Moet NIE die joernale afsluit nie.

4.1	Kontantontvangstejoernaal	(11)
4.2	Kontantbetalingsjoernaal	(9)
4.3	Debiteurejoernaal	(4)
4.4	Debiteurekortingsjoernaal	(2)
4.5	Krediteurejoernaal	(3)
4.6	Krediteurekortingsjoernaal	(2)
4.7	Algemene joernaal	(9)
		[40]

KASREGISTERROLLE:

KRR 04/17
1 April 2017
R 5 270

KRR 05/17
10 April 2017
R 7 380

DUPLIKAATKWITANSIES:

OCEAN BREEZE Kwitansie no. 59 Datum: 3 April 2017	
Ontvang van: C. Shore **Vir**: Kapitaalbydrae **Bedrag van**: Vyf-en-sestigduisend rand alleen.	
S. Sandy Dankie	R65 000

OCEAN BREEZE Kwitansie no. 60 Datum: 12 April 2017	
Ontvang van: Footprints Café **Vir**: Huur **Bedrag van**: Vyfduisend-vyfhonderd rand alleen.	
S. Sandy Dankie	R5 500

OCEAN BREEZE Kwitansie no. 61 Datum 30 April 2017	
Ontvang van: J. Mermaid **Vir**: Rekeningvereffening na toestaan van 10%-korting **Bedrag van**: Tweeduisend-tweehonderd-en-vyftig rand alleen.	
S. Sandy Dankie	R2 250

DEPOSITO'S:

□□□CAPTAIN BANK										Depositostrokie	
Datum: **08 – 04 – 2017**											
Krediteer: **Ocean Breeze**										Rand	Sent
									Totale kontantbedrag	5 270	00
S. Sandy Deponeerder se handtekening									Tjeks - Trekker		
									1. C. Shore	65 000	00
									2.		
2	1	4	5	6	8	9	3	1	3.		
Rekeningnommer									GROOTTOTAAL	**70 270**	**00**

□□□CAPTAIN BANK			Depositostrokie
Datum: **30 – 04 – 2017**			
Krediteer: **Ocean Breeze**		Rand	Sent
	Totale kontantbedrag	7 380	00
S. Sandy Deponeerder se handtekening	Tjeks - Trekker		
	1. Footprints Cafe	5 500	00
	2. J. Mermaid	2 250	00
2 1 4 5 6 8 9 3 1	3.		
Rekeningnommer	GROOTTOTAAL	**15 130**	**00**

TJEKTEENBLAAIE:

03 / 04 / 2017		
Aan: Silky Printing		
Vir: Druk van briefhoofde en visitekaartjies		
	R	C
Saldo		
Hierdie tjek	325	00
		No. 267

09 / 04 / 2017		
Aan: River Rafting Ltd		
Vir: Handelsvooraad – R1260 C. Shore vir sy vrou gekoop–R600		
	R	C
Saldo		
Hierdie tjek	1 860	00
		No. 268

18 / 04 / 2017		
Aan: PC Techno		
Vir: Rekenaar en drukker		
	R	C
Saldo		
Hierdie tjek	8 230	00
		No. 269

21 / 04 / 2017		
Aan: Kontant		
Vir: Lone - Skoonmaker		
	R	C
Saldo		
Hierdie tjek	500	00
		No. 270

Kopiereg voorbehou

23 / 04 / 2017		
Aan: Seashell Traders		
Vir: Betaling van rekening van R2 700 en 5% korting ontvang		
	R	C
Saldo		
Hierdie tjek	?	
No. 271		

09 / 04 / 2017		
Aan: Life Saver's Magazine		
Vir: Advertensie		
	R	C
Saldo		
Hierdie tjek	425	00
No. 272		

OORSPRONKLIKE KREDIETAANKOOPFAKTURE:

Hernommer kredietfakture beginnende by OBS141

□□CORAL REEF PRODUCTS

Faktuurno. AJ10
Datum: 6 April 2017 Rekeningno. OB123

Aan: Ocean Breeze
Adres: Marineweg 99, Coastal Bay

Hoeveelheid	**Beskrywing**	**Prys per eenheid**	**Bedrag**
10	Dolphin badhanddoeke	R 120	R1 200
5	Sun Ray Sonbrille	R 250	R1 250
8	Strandsakke	R 99	R 792
		TOTAAL	R3 242

□□□□**METRO STATIONERS**□□□

Faktuurno. BC69

Datum: 27 April 2017
Rekeningnommer: RR001

Aan: Ocean Breeze
Adres: Marineweg 99, Coastal Bay

Hoeveelheid	**Beskrywing**	**Eenheidsprys**	**Bedrag**
10	Blou penne	R 4	R 40
5	Notaboeke	R 10	R 50
5	Inkkassette	R150	R 750
10	Kleurpapier-rieme	R125	R1 250
		TOTALE BEDRAG	R2 090

Kopiereg voorbehou

DUPLIKAATKREDIETVERKOOPSFAKTURE:

Datum	Faktuurbesonderhede	Debiteur	Bedrag
15 April 2017	Faktuurno. 221	H. Mvovo	R 1 980
28 April 2017	Faktuurno. 222	J. Jack	R 3 900

DUPLIKAATDEBIETNOTAS:

Datum	Besonderhede	Krediteur	Bedrag	Rede vir terugsending
7/4/2017	DN 007	Coral Reef Products	R250	1 x Sunray Sonbril gebreek

DUPLIKAATKREDIETNOTAS:

Datum	Besonderhede	Debiteur	Bedrag	Rede vir terugsending
29/4/2017	CN 111	J. Jack	R 600	Handdoeke verkeerde grootte

INTERNE KANTOOR-MEMO'S:

OCEAN BREEZE
INTERNE KANTOORMEMO

Memo: M12
Datum: 22 April 2017

Aan: Die Rekeningklerk

Van: C. Shore

Beach Brolly BK is verkeerdelik met R1 200 gekrediteer, in plaas van Beach Umbrella BK. Stel asseblief hierdie krediteuretransaksie reg.

	OCEAN BREEZE INTERNE KANTOORMEMO Memo: M13 **Datum:** 30 April 2017
Aan: Die Rekeningklerk **Van:** C. Shore	
Z. van der Merwe het 'n uitstaande saldo van R570. Skryf die skuld af as onverhaalbaar.	

VRAAG 5

5.1 Seaside Industries gebruik 'n prystoeslag van 30% op kosprys. Die volgende inligting is uit hul boeke aan die einde van Maart 2017 geneem. Aangesien dit die eerste maand was wat hulle besigheid gedoen het, is daar GEEN openingsaldo's nie

Stel die volgende algemenegrootboek-rekeninge op op grond van die inligting wat verskaf word. Balanseer SLEGS die algemenegrootboek-rekeninge waar dit uitdruklik gevra word.

5.1.1	Bank (Balanseer die rekening)	(4)
5.1.2	Debiteurekontrole (Balanseer die rekening)	(6)
5.1.3	Handelsvoorraad	(6)
5.1.4	Koste van verkope	(3)
5.1.5	Verpakking	(1)
5.1.6	Korting/afslag ontvang	(1)

KONTANTONTVANGSTEJOERNAAL VAN SEASIDE INDUSTRIES – MAART 2017 KOJ1

Bank	Verkope	Koste van verkope	Debiteure kontrole	Korting toegestaan	Diverse bedrag	Besonderhede
28 440	19 630	15 100	1 660	150	7 300	Huurinkomste

KONTANTBETALINGSJOERNAAL VAN OF SEASIDE INDUSTRIES – MAART 2017 KOJ1

Bank	Handelsvoor-raad	Lone	Krediteure-kontrole	Korting ontvang	Diverse bedrag	Besonderhede
13 370	7 480	1 280	4 750	440	300	Onttrekkings

DEBITEUREJOERNAAL VAN SEASIDE INDUSTRIES – MAART 2017 DJ1

Dok.	Dag	Debiteur	Verkope	Koste van verkope
		Totaal	5 161	3 970

DEBITEUREKORTINGSJOERNAAL VAN SEASIDE INDUSTRIES – MAART 2017 DAJ1

Dok.	Dag	Debiteur	Debiteurekortings	Koste van verkope
		Totaal	546	420

KREDITEUREJOERNAAL VAN SEASIDE INDUSTRIES – MAART 2017 KJ1

Dok.	Dag	Krediteur	Krediteurekontrole	Handelsvoorraad	Voertuig	Diverse bedrag	Besonderhede
		Totaal	70 460	4 260	65 000	1 200	Verpakking

KREDITEUREKORTINGSJOERNAAL VAN SEASIDE INDUSTRIES – MAART 2017 KAJ1

Dok.	Dag	Krediteur	Krediturekontrole	Handelsvoorraad	Voertuig	Diverse bedrag	Besonderhede
		Totaal	1 030	820		210	Skryfbehoeftes

ALGEMENE JOERNAAL VAN SEASIDE INDUSTRIES – MAART 2017 AJ1

Datum	Besonderhede	Fol	Debiet	Krediet	Debiteure-kontrole		Krediteure-kontrole	
					Debiet	Krediet	Debiet	Krediet
	Totaal				620	620		

5.2 Die volgende transaksie is deur Seaside Industries met 'n krediteur, Blue Coral, vir die maand Maart 2017 aangegaan. Boek die transaksies oor na Blue Coral se krediteuregrootboekrekening.

Datum	**Besonderhede**	**Bedrag (R)**
01 Maart	Saldo v/b	5 360
10 Maart	Faktuur C09	610
21 Maart	Tjek 115 Korting ontvang	2400 100
26 Maart	Debietnota 4	270
31 Maart	Sluitingsaldo	**?**

(9)
[30]

VRAAG 6

Gebruik die proefbalans van Swimwear Traders soos op 28 Februarie 2017 hier onder om die volgende op te stel:

6.1 Die handelsrekening vir die jaar geëindig 28 Februarie 2017. (4)

6.2 Die wins-en-verliesrekening vir die jaar geëindig 28 Februarie 2017. (11)

6.3 Die balansstaat vir die jaar geëindig 28 Februarie 2017. Voltooi SLEGS die aantekening wat hier onder gegee word in die ANTWOORDBOEK. (15)

Toon enige berekeninge tussen hakies.

PROEFBALANS VAN SWIMWEAR TRADERS SOOS OP 28 FEBRUARIE 2017			
	FOL.	**DEBIET**	**KREDIET**
BALANSSTAATAFDELING			
Kapitaal	B1		175 000
Onttrekkings	B2	12 840	
Voertuie	B3	55 000	
Kantoortoerusting	B4	15 500	
Bank	B5	49 750	
Debiteurekontrole	B6	36 400	
Handelsvoorraad	B7	19 300	
Los kontant	B8	500	
Krediteurekontrole	B9		8 700
NOMINALEREKENINGE-AFDELING			
Verkope	N1		345 340
Koste van verkope	N2	149 160	
Debiteurekorting	N3	3 200	
Korting ontvang	N4		4 900
Huuruitgawe	N5	34 000	
Salarisse en lone	N6	136 000	
Drukwerk en skryfbehoeftes	N7	4 000	
Telefoon	N8	4 260	
Brandstof	N9	6 800	
Water en elektrisiteit	N10	11 600	
Rente op lopende rekening	N11		4 370
		538 310	**538 310**

[30]

VRAAG 7

Swimwear Traders is 'n agentskap wat stranddrag aan kleinhandelaars regoor die land verkoop. Hulle gebruik die deurlopendevoorraadstelsel en voeg 'n prystoeslag van 50% by hul kosprys.

Toon die uitwerking van die volgende transaksies op die rekeningkundige vergelyking aan EN noem die brondokument.

VOORBEELD:

1. Voorraad is vir R950 kontant gekoop en met tjekno. 319 betaal.

No.	Brondokument	Algemenegrootboekrek.		Bates	Eienaarsbelang	Laste
		Rekening gedebiteer	Rekening gekrediteer			
1.	Tjekteenblad	Handelsvoorraad	Bank	+ 950 - 950		

7.1 'n Kredietaankoop van drukwerk ten bedrae van R1 200 is verkeerdelik na posgeld oorgeboek. Korrigeer die fout. (5)

7.2 Die eienaar van Swimwear Traders het R500 kontant vir haar eie gebruik geneem. (5)

7.3 Swimwear Traders het toerusting op krediet vir R4 230 by Lizz Designs gekoop. (5)

7.4 Swimwear Traders het aan Tele-Comms R640 per tjekno. 320 vir die telefoonrekening betaal. (5)
[20]

TOTAAL AFDELING B: 120
GROOTTOTAAL: 200

Kopiereg voorbehou